## VRAAG 4

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Ek / eerste persoon | (1) |
| 4.2 | Winter. Daar is sprake van handskoene, sjaal en jas. | (2) |
| 4.3 | Hy antwoord die verteller nie. | (1) |
| 4.4 | Die man is baie ongelukkig. | (1) |
| 4.5 | Lywig/vet. "groot hoeveelheid kilogramme". | (2) |
| 4.6 | Nee. Hy kan dit nie verhelp as daar iets snaaks gebeur nie. | (2) |
| 4.7 | Om die situasie te probeer vermy | (1) |
| 4.8 | Die trein kry 'n aanval. | (1) |
| 4.9 | Met suiker | (1) |
| 4.10 | Ja. Ek sou saam gelag het want snaaks bly nou maar eenmaal snaaks<br>Nee. Ek sou nors gebly het want ek is 'n onvriendelike mens. | (2) |
| 4.11 | Leiden | (1) |
| 4.12 | Hy praat sonder om te kyk waar hy loop. | (2) |
| 4.13 | Dat hy vir die heer gelag het | (1) |
| 4.14 | Dit is nie 'n snaaksheid as 'n jas se lussie breek nie. Die verteller is al volwasse. | (2) |
| 4.15 | Dit is eintlik sy gedrag wat afwykend is. | (1) |
| 4.16 | In r. 5 trek die man die sjaal en jas uit en haal die hoed af. In r. 48 trek hy alles aan. | (2) |
| 4.17 | Die kelner | (1) |
| 4.18 | Die verteller is vriendelik. Die heer is onbeskof. | (2) |
| 4.19 | Klem/fokus val op die meneer/heer | (1) |
| 4.20 | Dit weerspieël die lewe / maak die insident universeel. | (1) |
| 4.21 | De lippen bitter op elkaar geknepen<br>Gee meer inligting oor die man. | (2)<br>**[30]** |

## VRAAG 5

5.1 Oom Adriaan het 'n besondere invloed op die kind. Hy "betrap" hom byna onverhoeds. Omdat die kind 'n musikaal begaafde seun is, misbruik die oom hom sonder dat hy dit weet. Sy ma erken: "je misbruikt hem". Aanvanklik het die seun gedink dat hy nuwe bladmusiek by die oom kan kry as hy vir hom help. Verder het hy 'n hipnotiserende invloed op hom. Sodra hy by sy oë inkyk, wil hy stotter as jy hom sou teenspreek.

Aan die einde as die oom sy geld tel, sê hy baie dankie vir die seun omdat hy so baie gehelp het, maar dit is al. Daar is geen verdere vergoeding nie.

By die arbeidersvrou Truus hamer die oom heeltyd op die gebreke van die orrel en die houtwurm. Hy noem haar op die naam omdat hulle mekaar vroeër geken het. Dit gee ook aan hom 'n voorsprong. Hy benader haar van die agterdeur af terwyl sy hom by die voordeur verwag het. Die feit dat hy die orrel koop, word as guns beskou. Hy verlos haar van die ding omdat hy haar vroeër geken het.

Terwyl die seun speel, druk hy die knie-pedale in sodat die instrument valser klink. Hy praat tegnies met haar oor die orrel in terme wat bokant haar vuurmaakplek is. As sy sê dat haar man die orrel gratis kan vernietig, weier hy omdat die houtwurm aansteeklik is en hy dit beter sal kan doen. Hy verkoop die hout aan die "waterstoker" en maak steeds 'n wins op die orrel.

By die seeman maak die oom 'n opmerking aan die seun oor die vet voorkoms van die vrou.

Hy toon dus nie respek vir sy slagoffers nie. Die seeman se tragiese verhaal ontroer oom Adriaan glad nie.

Hy buit die egpaar se swak plek uit - die voorliefde vir gewyde seemusiek. Hulle sing later almal saam; so trek hy hulle in sy net vas. Hy maak selfs asof die liedere hom emosioneel raak.

Oom Adriaan jok oor die kinderwaentjie, die wieg en die speelhok. Hy probeer die prys laag hou deur te verwys na die nuwe elektriese orrels. Hy laat dit so gebeur dat die orrel in die "trapgat" vassit, sodat hy die prys nog verder kan afdwing. Uiteindelik "deel hulle die skade". (20)

5.2 Kandidate kan die herbergier op twee wyses sien: 'n nederige opofferende man, of 'n selfsugtige eersugtige mens. Stellings moet gemotiveer word. Die herbergier is landwyd bekend vir sy vriendelikheid, diens en kwaliteit geregte, veral die vleisgeregte. Hy wil sy eer behou en ten spyte van die hongersnood in die land berei hy 'n maaltyd vir die hertog voor. Hy gebruik sy eie vleis. Sy eer is belangriker as die ander mense se gevoel. Hy sterf eerder as om te verloor.

Die herbergier is 'n opofferende mens wat bereid is om selfs sy lewe te gee om sy medemens gelukkig en tevrede te sien. (10)

**[30]**

## VRAAG 6

6.1 Die invloed deurswem/ bewys dat die see hom goedgesind is (daad of handeling). (1)

6.2 Sy kan haarself nie vergewe dat sy in 'n oomblik van swakheid met 'n visserman getrou het nie.
Sy besef sy moes Wenning nie met bloed bestryk het nie. (2)

6.3 Moontlik bid sy.
Sy is letterlik neergeslaan. (2)

6.4 Hilda wou die natuurlike loop van die liefde keer. (1)

6.5 Hou aan om Milla te besoek/ is nie skaam om te sê hy is lief vir haar nie./ bereid om die invloed vol haaie deur te swem. (1)

6.6 Omdat sy nooit in die see sou belang stel nie. (1)

6.7 Hilda s'n (1)

6.8 Wenning se pa (1)

6.9 Sterk omdat hy grootgeword het op die see / sy ma is vroeg dood en hy moes leer oorleef. (1)

6.10.1 Offer Wenning vir die haaie (1)

6.10.2 Christus (1)

6.11 Een van dorp se inwoners (1)

6.12 Die skemer (1)

6.13 Dat die stemme van 2 kinders met 'n invloed snags gehoor kan word (1)

6.14 Kon nie bymekaar uitkom nie/ het verdrink (1)

6.15 Haar gesig was weg van hom af gedraai (1)

6.16 Dan, uiteindelik (2)

6.17 Wenning is iemand wat bereid is om op te offer. (1)

6.18 Heel van die begin af (1)

6.19 Iets lê jou na aan die hart / is baie belangrik vir jou (1)

6.20 Hy sê hy sal terugswem ook. (1)

6.21 Dat daar onheil is (1)

6.22 Hilda Sewes (1)

6.23 Daar is juis nie vrede op die plek nie. (1)

6.24 Sy is 'n watermens/ hou van Wenning wat 'n watermens is. (1)

6.25 Haar man se dood (1)

6.26 Sy verloor alles (1)
**[30]**

**VRAAG 7**

7.1 Oorlogsterme

Moenie net noem nie, maar gebruik dit sinvol in sinsverband. Die "oorlog is mos lankal verby:" Stewels, soldaat, soldatetrein, die hoenderhok se drade is slap en lyk of 'n bataljon daardeur is. Leër, offisier, medalje, gesneuwel. sakboekie," "die man in uniform"

Dit help om die oorlogsmilieu te bou en bind die verhaal as eenheid saam.

Sy stel die wekker en wen dit op. Sy sit gras in die blompot. Vee die tafel se stof met die punt van haar voorskoot af.

Gaan haal die bottel gemmerbier, rangskik die glase en praat met Carolus.

Rangskik die kussings op die leunstoel.

Soen die skoene se punte.

Gaan gee die hoender broodkrummels uit haar voorskoot.

Maak swart koffie en eet middagete met 2 snye bruinbrood.

Voer alleengesprèk met Carolus.

Trek aan en poeier gesitg.

Maak lippe rooi

Wag op die bank.

Wuif met haar sakdoekie. (10)

6.2 Die verteller worstel met sy gewete. Hy en Ouboet se ouers is weg en Ouboet is verstandelik vertraag. Elke aand as die verteller Ouboet bad, moet hy hom 'n storie vertel om hom te laat slaap. Ouboet wil nie die sprokie hoor wat die verteller vertel nie, maar wil 'n mooi storie oor Pa hoor. Omdat hy nie oor Pa 'n mooi storie kan vertel nie, versin hy 'n leuen. Dit pla hom later en hy is bang dat Ouboet hom kan doodmaak en verder is hy bang dat Pa dalk onverwags kan opdaag.

Die innerlike konflik beeld hierdie teenpool tussen waarheid en leuen. Die verteller durf nie die waarheid vertel nie, anders gaan Ouboet hom te lyf. Die keer wat hy die waarheid vertel, rand Ouboet hom aan, die konflik word uiterlik.

Vroegoggend is die spreker moeg, maar die doring en klippe dui ook op sy geestelike val. Die nat klipkranse is ontoeganklik Sy geestelike toestand is ook dié van stilstand en onbegaanbaarheid. Klowe veronderstel afgronde. Hy staan moontlik op die lewensafgrond. Dorings suggereer die geestelike pyn wat hy ervaar. Hy voer 'n alleengesprek. Die woorde kom terug na hom toe. Dit is sy gewete wat hom aankla. Hy is dus so eensaam dat hy eintlik met homself praat. Hy pluk nou die vrugte van sy leuen.

Daar was kerktorings voor die son en dit het twee, drie geword. Die son is die Alvader of die waarheid. Die kerktorings is sy skuldige gewete. Sy lewe kla hom aan. Hy is vasgedraai in 'n moeilike situasie. Die kraaie is simbool van afrekening en onheil.

Nee, sy probleem is nie opgelos nie. Hy hardloop weg daarvan. (20)

**[30]**

**TOTAAL: 120**

